*P.J. Strauss*

# DIE SINODALE VERBAND VAN DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK IN DIE VRYSTAAT: ENKELE TENDENSE BY DIE ONTSTAAN DAARVAN IN 1864-1865

## ABSTRACT

### THE SYNODICAL BOND OF THE DUTCH REFORMED CHURCH IN THE FREE STATE: TENDENCIES AT ITS ORIGIN IN 1864-1865

In the Reformed tradition the basic documents of a church, apart from the Bible on which it should be based, are its confessions of faith and its church order. These documents show tendencies which indicate the orientation point and belief of such a church. If one investigates the way in which the Dutch Reformed Church in the Free State approached its confessions and church order at the church conference in 1864 where it was founded, and at its first Synod in 1865, three points emerge. Firstly this Synod was historically close to the Dutch Reformed Church in the Cape; secondly it was Reformed in its government, but mixed it with elements of collegialism; and thirdly it was focused on the Orange Free State, the country in which it originated.

Elements of the same approach can still be seen in this synod today. It still wants to be Reformed; it still has a stability and tendency not to be radical — it very often stays in calm waters — and it can be convinced of the merit of an issue if it can be shown that it corresponds to the Scriptures and the confessions. Apart from that, there are indications that it clearly sees itself as a synod in the Free State Province.

## 1. INLEIDEND

Oor die karakter van die sinodale verband van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die Vrystaat is daar al heelwat gesê. Veral in die huidige situasie en in die gesprekke waarin dele van die Nederduitse Gereformeerde Kerk hulle tans bevind, beskou sommige dit as 'n interessante en boeiende tema. Is

*Prof. P.J. Strauss, Hoof: Departement Ekklesiologie, Fakulteit Teologie, Universiteit van die Vrystaat, Posbus 339, Bloemfontein 9300. E-pos: straussp.hum@mail.uovs.ac.za.*

die Vrystaatse Sinode anti-veranderingsgesind of eerder gesond-behoudend of gereformeerd-gematig? Veral as dit kom by temas soos die eenheid in die Nederduitse Gereformeerde Kerkfamilie en 'n wysiging aan bedieningspraktyke? In sy werk *Ons kerk in die Transgariep* wat uit 1934 dateer, gee die bekende missioloog en kerkhistorikus, G.B.A. Gerdener, sy indrukke van hierdie sinodale verband in die beginjare ná die ontstaan daarvan in 1864. Gerdener praat van 'n "uiterlik bloeiende" kerk (die Vrystaatse Nederduitse Gereformeerde Kerk) wat in 'n kalme atmosfeer groei. Die verloop van sake vind hy selfs hier en daar eentonig omdat daar nie veel is wat verras en prikkel nie en daar nie besondere geskiedenis gemaak word nie. In die destydse Vrystaat het die Nederduitse Gereformeerde Kerk groot seggenskap in volk en staat gehad (1934:205).

Dit is op hierdie punt dat die historici wat die eerste 100 jaar van die geskiedenis van die Sinodale verband van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die Vrystaat beskryf, J.J. Oberholster en medewerkers, aanvoer dat hierdie kerk die taak van die owerheid in die destydse Vrystaatse Republiek vergemaklik het omdat hy 'n gees van onderdanigheid en ordelikheid help skep het (*s.a.*:63). In die Wette en Bepalinge van 1864 is immers in artikel 11 bepaal dat onderdanigheid aan die landsowerheid en landswette een van die hoofoogmerke van kerkvergaderings moet wees (NG Kerk in die OVS Wette en Bepalinge 1864 artikel 11; vgl. Oberholster *s.a.*:78). Hierdie gedagte word herhaal in 'n brief wat die Moderatuur en die ander afgevaardigdes na afloop van die eerste sinode in 1865 aan die Volksraad skryf. Hierin sê Di. G. van de Wall (praeses), A.A. Louw (assessor), H. van Broekhuyzen (skriba) en C. Frazer (assistent-skriba) en die res dat die kerk hom voorneem om aan die onderdanigheid aan die owerheid in "weldadigen wetten" mee te werk (Brief 13 Mei 1865). In die lig van hulle sterk verklaring oor hulle gebondenheid aan die Drie Formuliere van Eenheid in hierdie tyd, kan dit wees dat die gedagte van eerbied vir die owerheid in wette met meriete in artikel 36 van die Nederlandse Geloofsbelydenis sy oorsprong het.

Beide Gerdener en Oberholster gee egter min besonderhede van die dieper geestelike of tipies-kerklike rigting wat die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die Vrystaat in sy beginjare ingeslaan het. Byvoorbeeld: Was die Nederduitse Gereformeerde in die Vrystaat in hierdie tyd 'n kerk met beide die klem op "Nederduits" (Nederlands georiënteerd of met 'n aantoonbare Nederlandse oorsprong) en "gereformeerd" (vanuit die gereformeerde Hervorming van Calvyn en dus "gereformeerd Nederduits")? Het die vaders op die sinodes — veral by die eerste sinode van 1865 — van destyds die grondslag gelê van 'n kerk wat vandag steeds uitdruklik gereformeerd wil wees? Is sommige kenmerke van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die Vrystaat alreeds hier vasgelê? Wat was dit? Was die beginjare beslissend vir die karakter wat

hierdie sinodale verband steeds kenmerk? Tot watter mate sal vandag se sinodegangers hulself kan terugvind in die besluite van die eerste sinode van 1865?

## 2. ONTSTAAN VAN SINODALE VERBAND VAN DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK IN DIE VRYSTAAT

Die uitkoms van die bekende Loedolffsaak in 1862 voor die Kaapse Hooggeregshof waarin die hof die verband van die Nederduitse Gereformeerde gemeentes in die destydse Kaapkolonie met gemeentes buite die Kolonie op grond van Ordonnansie 7 van 1843 ongeldig verklaar het, is elders uitvoerig beskryf (Van der Watt 1973:106). Dieselfde onderliggende, onuitgesproke uitgangspunt — van 'n eie, afsonderlike kerk in elke afsonderlike staat — het daartoe gelei dat daar na dié hofsaak verskillende sinodale verbande in verskillende state of kolonies in die binneland van Suid-Afrika ontstaan het (Van der Watt 1973:129).

Aanvanklik was daar twyfel en onbeslistheid oor wat die gemeentes van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in sy geheel te doen staan. Hierdie twyfel het ook duidelik geblyk uit 'n "kerkvergadering" wat op 11 September 1863 in Bloemfontein byeengekom het om die toekomstige posisie van die kerk in die Vrystaat te bespreek. Baie van die verteenwoordigers het met vyf van die ses Vrystaatse predikante saamgestem dat die verband met die Kaapse Sinode behou moet word omdat 'n eie sinodale verband gevare inhou. Hulle het die hoop gekoester dat die Kaapse Sinode pogings sou aanwend om Ordonnansie 7 van 1843 te wysig (Gerdener 1930:152).

Ds. Gilles van de Wall, predikant van Bloemfontein, was daarenteen ten gunste van "een afzonderljke Synode in den Vrijstaat" omdat 'n vereniging met die Kaapse Sinode waar liberalisme ingesluip het, syns insiens "zeer gevaarlijk" was. Hy was van oordeel dat die voordele verbonde aan 'n eie sinode groter was as die voordele wat 'n verkeer met talle "godvrugtige" persone in die Kaapse Kerk inhou. "Wij zijn uitgeworpen en waarom dan weer gesmeekt om aangenomen te worden? Wij zijn een afzonderlijk land en regering…" Die Kaapse Regering het beslis dat die evangelie tot aan die Grootrivier gebring moet word, aldus Van de Wall, maar die kerk kon nie deur staatsgrense beperk word nie. Christus het immers beveel dat die evangelie aan alle kreature gebring moet word (Gerdener 1930:148). Van der Watt toon oortuigend aan dat die afloop van die Loedolffsaak met sy verbod op afgevaardigdes van buite die Kaapkolonie die ortodokse meerderheid — teenoor die liberale minderheid — in die Kaapse Sinode "aansienlik verswak" het (1973:128).

Die Vrystaatse Kerkvergadering van 1863 het eventueel besluit om eers die uitkoms van die Kaapse Sinode van 1863 af te wag voordat dit enige stap tot 'n selfstandige sinode neem. Laasgenoemde het egter besluit om die Ordonnansie en daarmee die sinodale verband met die Vrystaat vir die huidige met rus te laat. Die Kaapse Sinode was van oordeel dat daar aan die begeerte om in "de naauwste vereeniging" met die gemeentes buite die Kaapkolonie te verkeer, voldoen word deur ondermeer lidmate oor en weer te erken, predikante wedersyds te beroep en deputasies wedersyds na kerkvergaderinge te nooi. Hierdie Kaapse reaksie het die Vrystaters oortuig dat hulle enigste opsie nou 'n eie sinodale verband los van die Kaapse Kerk was (Oberholster *s.a.*:72-73). 'n Eie sinodale verband vir die Vrystaat, was die argument, omdat een verband wat alle gemeentes buite die Vrystaat — soos ook die in die destydse Natal — sou insluit hom teen die "uitgangspunt" of onderliggende paradigma van 'n eie, afsonderlike kerk in elke afsonderlike staat sou vasloop (Van der Watt 1973:130vv.). Interessant genoeg het die Ring van die Transgariep — wat tot en met 1862 al die Nederduitse Gereformeerde gemeentes buite die Kaapkolonie kon insluit — op 'n buitengewone vergadering op 22 Oktober 1862 tydens die Kaapse Sinode besluit om in 'n Natalse en Vrystaatse ring (laasgenoemde dra hierna die naam Ring van die Transgariep, Notule 16 September 1863) te verdeel (Ring van die Transgariep; Notule 22 Oktober 1862:1).

Gevolglik word die ontstaan van die Vrystaatse sinodale verband van die Nederduitse Gereformeerde Kerk — 'n verband wat mettertyd as die "Vrystaatse Kerk" bekend word — kerkhistories teruggevoer na die "kerkkonferensie" wat vanaf 10 tot 15 November 1864 op Smithfield plaasgevind het.[1] Hierdie konferensie het 'n wysiging van die Kaapse Kerkwette goedgekeur en besluit om "als uit den boezem der Gemeenten de Synode van den Oranje Vrijstaat te constitueren". Die Kaapse Kerkwette sou gering aangepas word by Vrystaatse omstandighede[2] (NG Kerk in die OVS 1865-1912:10:05:1865 e.v.d.; Pro Memoria of voorwoord). Die hersieningskommissie het bestaan uit menere Nielen Marais (die Gouwermentsekretaris en 'n persoon met regskennis), A. Roberts ('n persoon met regskennis), Gerrit Visser (voorsitter van die destydse Vrystaatse Volksraad) en die ses predikante (NG Kerk in die OVS 1865-1912:10:05:1865 e.v.d.; Pro Memoria of voorwoord; Oberholzer *s.a.*:73). Hoewel die eerste sinode as 'n vergadering van die verband eers van 10 tot 13 Mei 1865 in Bloemfontein gehou is, is die verband self by hierdie vergadering in Smithfield gevorm.

1 In aansluiting by Gerdener praat Oberholster van November 1864 as die datum waarop al die Nederduitse Gereformeerde gemeentes in die Vrystaat in 'n "gekonstitueerde sinodale kerkverband saamgesnoer is" (*s.a.*:75).

2 Die woorde "de behoeften van dit land" is hier gebruik.

Dit is waarom die honderdjarige bestaan van die Vrystaatse sinodale verband in 1964 en nie 1965 nie, herdenk is (Oberholster *s.a.*). Die datum 1864 word deur die jare ook ondersteun van teologies-ekklesiologiese kant (Van der Watt 1973:130; Gerdener 1930:198).

# 3. GEESTELIKE TENDENSE BY VRYSTAATSE KERK

Uit die keuse van belydenisskrifte, uit sake uit en rondom die kerkorde van destyds en deur ander besluite sou beide die konferensie van 1864 en die eerste sinode van 1865 'n aantal tendense illustreer wat 'n duidelike koers in die Vrystaatse Kerk van destyds aandui. Dit word juis as verteenwoordigende tendense weergegee omdat dit as die besluite van die konferensie en die sinode tekenend van die sinodale verband was. Hierdie tendense word eerstehands — vanuit primêre, gesagvolle bronne — aangebied en gee iets van die geestelike rigting en grondslag van hierdie kerk weer.

Die volgende kerklike of geestelike tendense was sigbaar in hierdie sinodale verband.

## 3.1 Verknogtheid aan Kaapse Nederduitse Gereformeerde Kerk

Dat die Kaapse Kerkwette soos gewysig, aanvaar is, dui reeds op 'n verknogtheid aan hierdie kerk as bakermat. Van de Wall se afwys van die liberalisme en sy simpatie met hulle in die Kaapse Kerk wat hulle daarteen verset het, was nie 'n geïsoleerde geval in die Vrystaatse Kerk nie. Die Sinode van 1865 het uitdruklik sy "christelijke deelneming" betuig met die Kaapse Kerk wat deur die inbreuk van sy reg op die handhawing van "orde en tucht" (deur howe) in moeilike omstandighede gebring is (NG Kerk in die OVS 1865-1912:5). In 'n brief op 8 Augustus 1864 ontken Ds. Herman van Broekhuyzen, skriba van Sinode-1865, dat die Vrystaatse Kerk uit arrogansie van die Kaapse Kerk "afschei". Die Vrystaatse predikante is "jeugdige en grootendeels onervaren voorgangers der gemeente", wat die leiding van die gryskoppe in die Kaapse Sinode deeglik sal mis (Gerdener 1930:154). Daarmee verwoord hy op sy manier die verknogtheid aan die Kaapse Kerk. Dit is ook Van Broekhuyzen wat in 1863 nog pleit vir 'n behoud van die inskakeling by die Kaapse Sinode omdat ywer vir 'n eie sinode "voorbarig" is (Verslag in Gerdener 1930:148). 'n Eie sinodale verband van Nederduitse Gereformeerde gemeentes in die Vrystaat was eventueel egter onvermydelik.

Die blote feit dat die Vrystaatse Kerk die benaming "kerkwette" oorgeneem het, dui op 'n geestelike en tradisionele verbintenis met die Kaapse

Kerk. Hoe sterk hierdie "kerkwetlike" band aangevoel is, blyk ook uit die besluit op Smithfield dat die Vrystaatse Kerk sig aan die wette en bepalinge van die Kaapse Kerk hou, "gelijk tot hiertoe geschied is", totdat "haar eigen Kerkwetten" in druk verskyn ('n duisend sou gedruk word) en by die verskillende kerkrade beskikbaar is (NG Kerk in die OVS 1864; Notule, 15, XII^e sitting). Hiermee sou die konferensie natuurlik bly by die "kerkwette" waaronder die Ring van die Transgariep wat die Vrystaatse sinodale verband voorafgegaan het, ook gestaan het[3] (Ring van die Transgariep; Notule 16 September 1863). In die nuwe "kerkwet" is daar boonop talle artikels opgeneem wat 'n direkte oorname van die Kaapse artikel was, byvoorbeeld die Vrystaatse artikel 2 (Kaapse artikel 1 oor wie lidmate is), 5 (Kaapse artikel 3 oor verskillende kerkvergaderings), 15 (Kaapse artikel 13 oor taak van sinode), 19-23 (Kaapse artikels 17-23 oor die verkose voorgangers by die sinode) 103 (Kaapse artikel 111 oor tugwaardige sondes) en 106 (Kaapse artikel 114 oor die benadering van vergaderings in tugsake).

In sy voorwoord tot die gewysigde kerkwet sou die Vrystaatse Sinode verder verklaar dat 'n "Godonterend" ongeloof (die liberalisme soos in die Kaapse Kerk, vgl. Oberholster *s.a.*:77) die kerk in die 1860's heftig aanval en dat die Vrystaat met sy aanvaarding van die kerkwet "zich onvoorwaardelijk hecht aan de beproefde leer der Dordtsche vaderen" soos vervat in die Drie Formuliere van Eenheid te wete die Nederlandse Geloofsbelydenis, Heidelbergse Kategismus en Dordtse Leerreëls. Die Vrystaat het sy steun aan die Kaapse Kerk in hierdie saak dus ook as steun vir die gereformeerde leer en belydenis gesien.

Hoewel die Vrystaat met sy voorwoord tot die kerkwet uitdruklik sy gehegtheid aan die gereformeerde belydenis wou verwoord, het hy met die feitlik onkritiese oorname van die Kaapse Kerkwette self ook in kollegialistiese slaggate getrap. Dit blyk uit die benaming "kerkwet" in plaas van "kerkorde" en die sinode as "hoogste Bestuur" — ook in daardie sake wat die openbare godsdiens raak. Daarmee is die kerk verwring tot 'n soort vereniging met 'n kongres (sinode) as hoogste liggaam en is die kwessie van kerkorde-artikels as absoluut bindende wette en nie ernstige riglyne nie, vir die orde in die kerk, ook ingevoer.

Dieselfde kollegialistiese tendens slaan ook uit by kerkorde-artikel 103 oor die tug. Hier word dit gestel dat die kerklike tug handel oor sake téén

3 Gerdener noem die Smithfieldse Konferensie en die datum 15 November 1864 as die plek en tyd waarop die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die Oranje-Vrystaat tot stand gekom het. "Dit was die oorgang van die Transgariepse Ring na 'n eie selfstandige kerk in die Vrystaat hierdie; dit was feitlik die stigtingsvergadering van die Vrystaatse Sinode…" (1934:198).

die gereformeerde leer, die suiwerheid van sedes en dinge wat stry teen die wette en bepalinge (NG Kerk in die OVS 1864; Wette en Bepalinge, artikel 103). Deur sonde as optrede teen die wette en bepalinge te beskryf, toon 'n mens 'n kollegialistiese tendens waarin die kerkorde beskou word as die grondwet of kontraktuele ooreenkoms tussen lidmate wat hulle regte (teenoor mekaar) in die kerk beskerm; regte wat ten alle koste gehandhaaf moet word omdat dit in hierdie stelsel — opkomende vanuit die Verligting of humanisme waarin hierdie stelsel sy vertrekpunt het — as van die fundamentele sake in die kerk beskou word.

Terug na die eie aard van 'n gereformeerde kerk het die Wette en Bepalinge in artikel 106, na luid van artikel 114 van die Kaapse Wette en Bepalinge van 1859, bepaal dat kerkvergaderinge sigself meer as vaderlike opsieners as regters moet beskou.

## 3.2 Gereformeerd in belydenis en elemente van kerkregering en tog

'n Emosionele gehegtheid aan Dordtse gereformeerdheid het in die beginjare sterk by die Vrystaatse Sinode deurgeslaan. Op die feit dat die Sinode hom "onvoorwaardelijk hecht" aan die leer van die Dordtse vaders soos "vervat" in die drie Formuliere van "Eenigheid onze kerk", is reeds gewys. Hierdie leer is beskryf as 'n onskatbare erfenis wat die Here ongeskonde aan die Vrystaatse Kerk oorgelewer het en ooreenkomstig Gods Woord is (NG Kerk in die OVS 1864, Wette en Bepalinge:Voorwoord). Daarom het die Wette en Bepalinge in artikel 35.2 versiening gemaak vir die prediking van die Heidelbergse Kategismus (NG Kerk in die OVS 1864; Notule Smithfield, 7). Boonop is die Dordtse ondertekeningsformulier (vir persone wat ampte gaan beklee) slegs met "noodzakelijke" wysigings ten opsigte van taal, styl en "ander" aspekte ook by die konferensie te Smithfield aanvaar (NG Kerk in die OVS 1864; Notule Smithfield 16).

Die Sinode van 1865 het artikel 14 van 1864 wat bepaal het dat alle diensdoende dominees en twee ouderlinge per gemeente in die sinode sitting neem, gewysig deur dit met een ouderling te vervang. Hierdie bepaling het teenoor artikel 27 gestaan wat vir net een ouderling na die ring voorsiening gemaak het, terwyl die voorsitter, Ds. G. van de Wall, uit die Dordtse Kerkorde aangehaal het om aan te toon dat dit ongereformeerd is om aan die ouderlinge te veel "overwigt in de Hooge vergadering te geven" (NG Kerk in die OVS 1865-1912:6). Van de Wall se vrymoedige gebruik van die Dordtse Kerkorde en die sterk geformuleerde beskrywing van die aanvaarding van die Drie Formuliere van Eenheid het 'n lewendige, bewustelike band met Dordt by die Sinode blootgelê. Sy verwysing na die sinode as 'n hoë verga-

dering stry egter met die gereformeerde begrip dat vergaderings gelyk is omdat hulle nie in gesag nie, maar in opdrag verskil. Soos in die Kaapse Kerkwet sou hier ook gereformeerde sentimente met kollegialistiese reste gepaar word.

Wat uniek aan die Vrystaatse Kerk in die beginjare was, is die bepaling in Kerkwet-artikel 4 dat die sinode hom een voel met "zusterskerken" wat een met hom in leer en tug is (NG Kerk in die OVS Kerkwet 1864, artikel 4). Daarmee is alreeds by een van die hoekstene van gereformeerde ekumene uitgekom waarin kerklike eenheid op eenheid in die waarheid en hoofsake van kerkinrigting bou. Ten opsigte van lidmaatskap sou die kerkwet ook gereformeerde oortuigings koester, maar daarvoor die Kaapse Kerkwet se artikel 1 oorneem. In artikel 2 van sy sogenaamde Kerkwet het die Vrystaat bepaal dat die kerk of gemeentes uit belydende en dooplidmate bestaan. Mense van ander lande wat aan 'n gereformeerde "Kerkgenootschap" behoort en met 'n behoorlike bewys van hulle doop- of belydende lidmaatskap oorkom, sou ook welkom wees. Die "genootskapsidee" sou kollegialisties oorkom, maar die oordrag van lidmaatskap is tog gekoppel aan gereformeerdwees.

Op die punt van lidmaatskap wou die Sinode, trou aan sy gereformeerde gesindheid, nie sondermeer besluit om nié die lidmaatskap van die Christelik Afgeskeie Kerk in Nederland te erken nie. Die tradisionele "band" (susterkerkbande wat 'n erkenning van bewyse van lidmaatskap en attestate insluit!?) via die Kaapse Kerk, was met die Nederlandse Hervormde Kerk. Die Afgeskeie Kerk het in 1834 uit die Hervormers ontstaan en 'n gedeelte hiervan het in 1892 verenig met Nederduitse Gereformeerde Kerke wat in 1886, via die sogenaamde Doleansie, ook vanuit die Hervormde Kerk gekom het. Saam het hulle die Gereformeerde Kerke in Nederland (GKN) gevorm. In die laaste snikke van die negentiende eeu het die Nederduitse Gereformeerde Kerk se kontak met kerklike Nederland oorgegaan op die GKN (Strauss 1983:64 e.v.). Voorstelle dat die lidmate van die Afgeskeie Kerk by oorkoms na die Vrystaatse Nederduitse Gereformeerde Kerk eers belydenis van geloof doen of openlik in die kerk "voorgestel" word, is deur die Sinode van 1865 afgewys. Hierteenoor is 'n voorstel aanvaar dat die Moderatuur met die Sinode van die Afgeskeidenes korrespondensie voer voordat 'n besluit geneem word. Intussen sou die bepalings van die kerkwet toegepas word (NG Kerk in die OVS 1865-1912:16). Die kerke van die Afskeiding (1834) en Doleansie (1886) is mettertyd in Nederland en daarbuite beskou as die eintlike groot gereformeerde kerke in Nederland. Anders as die Hervormde Kerk, was die GKN in 1946 saam die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika en die Christian Reformed Church in North America, boonop die inisieerders en stigters van die wêreldwye Gereformeerde Ekumeniese Sinode (REC 1996:1). Die Sinode van 1865 het met hierdie besluite — moontlik onbewus — vanuit sy gereformeerde oortuiging reeds die kerke in Nederland begin tipeer. Daarom is

die Afgeskeie Kerk — ’n afskeidingsmentaliteit of ’n afskeiding is nie sondermeer aanvaarbaar onder gereformeerdes wat die Nederlandse Geloofsbelydenis artikel 28 en 29 onderskryf nie — nie die deur gewys nie.

Tipies Dordts en gereformeerd is ook besluit dat ’n voortdurende en moedswillige versuim van openbare “christelijke bijeenkomsten” en die sakramente sensurabel is (NG Kerk in die OVS 1865-1912:9). Jy kan nie een met kerke van gereformeerde leer en tug wees as jy nie self tug toepas nie. Vir die gebruik van die sakramente moes bewyse van lidmaatskap ingelewer wees. Indien persone van buite die gemeente nagmaal wil gebruik, maar “geen attest kunnen produceren”, kan die predikant en die kerkraad sy oordeel gebruik. ’n Voorstel van ouderling Sarel Cilliers van Kroonstad dat sulke mense hulle eers vir ’n ondersoek by die kerkraad aanmeld, is verwerp (NG Kerk in die OVS 1865-1912:8). Wat dus wel gereformeerd sou bly, is die feit dat die kerkraad steeds as opsieners of herders by die Nagmaalstafel moes optree.

## 3.3 Kerk wat rekening hou met “de behoeften van dit land”

’n Volgende tendens wat op verskillende maniere en gekwalifiseerd in 1864-1865 by beide die konferensie en die sinode sou uitslaan, is ’n gebondenheid aan die jong Republiek van die Oranje-Vrystaat wat in 1854 gestig is.

Die *Sitz im Leben* waarin die Vrystaatse Kerk verkeer het, is kernagtig geïllustreer deur die stelling dat die Wette en Bepalinge met die oog op “de behoeften van dit land” opgestel moes word. Daarmee het die konferensie van Smithfield duidelik laat blyk dat hy sy situasie ernstig neem. Die nuwe land is sondermeer as bepalende faktor by die formulering van “wetsartikels” aanvaar.

Wat die konferensie ook hiermee geïllustreer het, is die gereformeerde oortuiging dat ’n kerkorde Woordgetrou moet wees én riglyne vir die huidige situasie waarin die kerk hom bevind, moet verskaf; asook dat ’n kerkorde in sy praktiese maatreëls eietyds en toepaslik vir die huidige kerklike situasie moet wees en juis daarom ook gereeld hersienbaar is (Du Toit 1991:51).

“De behoeften van dit land” het in 1865 ook ’n uitwerking op die samestelling van die sinode. Twee afgevaardigde ouderlinge verskyn nie ter vergadering nie weens “landsomstandigheden” (hulle was moontlik opgeroep teen die invallende Basoetoe), terwyl Ds. Gilles van de Wall wat tot praeses verkies word, aanvanklik twyfel of hy die verkiesing moet aanvaar omdat hy op versoek van die destydse staatspresident, J.H. Brand (Oberholster, Van Schoor & Maree 1954:60), as veldprediker die Vrystaatse “lager” moes vergesel (NG Kerk in die OVS 1865-1912:1-3). Ouderling Sarel Cilliers van

Kroonstad word in die loop van die sinode ook vrygestel en getaak om die sogenaamde Zending Inspector van die Kaapse Nederduitse Gereformeerde Kerk, Ds. C. Murray (NG Kerk in die OVS 1865-1912:4) wat op pad was na die Soutpansberge, tot op Kroonstad te vergesel. Dit word gedoen omrede die "meerdere veiligheid" van Murray en die "bekendheid" van ouderling Cilliers (NG Kerk in die OVS 1865-1912:10). Ná afloop van Ds. Murray se toespraak voor die Sinode besluit die vergadering dat, aangesien die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die Vrystaat geen uitgawes vir binne- en buitelandse sending het nie, die sendingbydraes van die gemeentes vir die Kaapse Kerk se werk in buitelandse sending gestuur sal word. Dit sal gebeur totdat die Vrystaatse Sinode in staat is om self sinodale sendingwerk te doen (NG Kerk in die OVS 1865-1912:14). Die land se behoefte, aldus die Sinode van 1865, het die kerk se sendingbetrokkenheid ingesluit. By die volgende Sinode, in April 1867, word ’n sendingkommissie getaak en benoem (NG Kerk in die OVS 1865-1912:40).

’n Eie hoek sou ook uit 1865-Sinode se verhouding met die Vrystaatse owerheid blyk. Op 13 Mei 1865 skryf die Sinode ’n brief aan die Vrystaatse Volksraad waarin hy laasgenoemde meedeel dat die Nederduitse Gereformeerde Kerke in die Vrystaat hulle by Smithfield-1864 in ’n selfstandige ("onafhankelijke") sinode (kerkregtelik gesproke dui dit op iets anders as ’n onafhanklike kerk los van die Kaapse Kerk, PJS) georganiseer het deur die eenparige aanvaarding van hulle eie Wette en Bepalinge. Hulle is dankbaar vir die vryheid wat hulle onder hierdie owerheid kan geniet, maar versoek beleefd dat die bepaling in artikel 22 van die land se grondwet dat die Nederlandse Hervormde Kerk bevorder en ondersteun sal word, ter voorkoming van misverstand met die "juister geformuleerden Titel Nederduitsch Gereformeerde Kerk" vervang word. Hulle lê ook hulle Wette en Bepalinge ter "inzage" aan die Volksraad voor (Brief 13 Mei 1865; vgl. Gerdener 1930:161). Na ’n misverstand het die Volksraad eers op 25 Mei 1867 die voorgestelde wysiging aangebring. Dit was nadat die Sinode van April 1867 weer eens daarop gewys het dat die naam van die kerk "Nederduitse Gereformeerde Kerk" is. Die woorde wat op 16 April 1867 in ’n brief aan die Volksraad oorgedra is, was:

> De Synode wenst de kerk hier te lande in de Grondwet bedoeld, beschouwd te hebben als gelijk in naam, leer, tucht en dienst aan de N.G. Kerk in de Kaapkolonie, daar uit de geschiedenis blijk dat deze kerken dezelfde oorsprong hebben (Brief 16 April 1867 deur G. van de Wall (praeses), A.A. Louw (assessor) en A.P. Meiring [skriba]; vgl. Gerdener 1934:210).

Die byna "dopperse" gebruik deur die drie here van die latere gereformeerde trits vir kerkeenheid of susterskerkverhoudinge, naamlik "leer, diens en

tug", is opvallend. Daarby illustreer hierdie bewoording andermaal die spontane gehegtheid van die Vrystaatse Kerk aan gereformeerdheid.

Die Nederduitse Gereformeerde Kerk was nou "amptelik" die bevoorregte kerk in die Vrystaat. Soos J.J. Oberholster dit uitdruk: "Die posisie van die N.G. Kerk in die OVS as staatskerk het eerder in 'n onderlinge geskrewe verstandhouding as 'n formeel wetlike bepaling berus." Aan Protestantse kerke en hulle lidmate het 'n regeringsproklamasie vryheid gewaarborg. Aan die Rooms-Katolieke Kerk se lidmate is sekere burgerregte ontsê, maar hulle is nie in hulle godsdiensuitoefening gestrem nie. Tereg beskryf J.D. Kriel die verhouding tussen die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die OVS en die Regering van die Vrystaatse Republiek as een van "'n gesonde samewerking en innige onderlinge belangstelling". Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die Vrystaat was volkome vry om sy eie bepalinge te aanvaar, al het die staatsowerheid hierdie kerk op eie inisiatief feitlik tot staatskerk verhef. Dat dit egter nie net die Nederduitse Gereformeerde Kerk was wat ondersteun is nie, blyk uit die feit dat die Volksraad ook die traktement van predikante van ander kerke betaal het (Oberholster *s.a.*:81-83).

## 4. BALANS

In die ontstaansjare van die sinodale verband van wat tans bekend staan as die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die Vrystaat, was daar 'n aantal duidelike tendense in die besluite en argumente by beide die Smithfieldse Konferensie van November 1864 en die eerste Sinode van Mei 1865 in Bloemfontein te bespeur.

Die verband met die Dordtse Sinode van 1618-1619 in Nederland het bewustelik gefigureer in kerkregtelike argumente wat in die debatte van 1865 gehoor en aanvaar is. Dieselfde geld ook vir belydeniskwessies. Soos Dordt, het beide Konferensie en Sinode hulle gehegtheid aan die Drie Formuliere van Eenheid as in ooreenstemming met die Skrif bely. Dit is deur eersgenoemde boonop as 'n kosbare skat beskryf. Die Konferensie van 1864 en die Sinode van 1865 het hulle gehegtheid aan die Kaapse Nederduitse Gereformeerde Kerk ten opsigte van belydenis en "kerkwet" duidelik uitgedruk. Dit wil verder voorkom asof die Vrystaatse Sinode hierdie gehegtheid nie — op enige punt — as in stryd met sy gereformeerde sentimente ervaar het nie.

Tog was daar 'n neiging by die Vrystaat tot 'n eie selfstandigheid teenoor die Kaapse Sinode. Dit blyk — ondermeer — uit die feit dat die Kaapse Wette en Bepalinge in die Vrystaatse omstandighede aangepas is.

Terselfdertyd het die Vrystaatse Sinode — soos sy Kaapse eweknie — ook in sekere kollegialistiese slaggate getrap. Sommige aspekte hiervan in die regering van die kerk is waarskynlik ter goedertrou en onwetend oorgeneem. Daarby het die kleiner omvang van die Vrystaatse Sinode waarskynlik verhoed dat 'n wydlopende debat of vars gereformeerde insette op sekere punte gelewer is.

Wat die belydenis betref, staan die Vrystaatse Sinode van vandag formeel nog op dieselfde punt. Die gehegtheid aan die Vrystaat as staatkundige gebied (provinsie) en 'n bewussyn van eie Vrystaatse behoeftes is ook merkbaar in argumente oor die sinodale werksaamhede. Kerkordelik wil die Vrystaatse Sinode vandag nog uitdruklik gereformeerd optree. Van die kollegialistiese reste soos genoem, is sedertdien ontslae geraak.

Die Vrystaatse Sinode het waarskynlik ook sy gematigdheid en bestendigheid behou. Vernuwing is aanvaarbaar mits dit teologies onderbou en bewustelik gereformeerd is. Die Sinode blyk oortuigbaar te wees as jy hom van die Bybelse/gereformeerde gronde van 'n saak kan oortuig. Vanuit sy prinsipiële verankerdheid mag die Vrystaat soms by oningeligtes die beeld van verkramptheid skep. Dit gaan egter eerder oor 'n gesonde behoudendheid.

# BIBLIOGRAFIE

## A. Argivale Bronne (Vrystaatse Kerkargief)

Handgeskrewe briewe lede van Moderatuur en Sinode lede NG Kerk in die OVS aan Vrystaatse Volksraad, 13 Mei 1865 en 16 April 1867.

NG Kerk in die OVS 1864. Notule Smithfield (handgeskrewe).

NG Kerk in die OVS 1864. Wette en Bepalinge. *S.l.:s.n.*

NGK in die OVS 1865-1912. Handelingen van de eerste tot de vier en twintigste vergadering. *S.l.:s.n.* (met 'n voorwoord van Dr. J.D. Kestell).

Ring van die Transgariep. Notules 22:10:1862; 16:09:1863 (handgeskrewe).

## B. Publikasies

DU TOIT, P.R.

1991. Die uitleg van 'n kerkorde. In: P.J. Strauss (red.), *Byderwets en gereformeerd*. Bloemfontein: Pro Christo.

GERDENER, G.B.A.

1930. *Boustowwe vir die geskiedenis van die Nederduits-Gereformeerde Kerk in die Transgariep*. Kaapstad: Nasionale Pers.

1934. *Geskiedenis van die Nederduitse Gereformeerde Kerke in Natal, Vrystaat en Transvaal*. Kaapstad: S.A. Bybelvereniging.

OBERHOLSTER, J.J.

*s.a. Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die Oranje-Vrystaat*. Bloemfontein: NG Kerk in die OVS.

REFORMED ECUMENICAL SYNOD (REC)

1996. *Memories*. Grand Rapids: REC.

STRAUSS, P.J.

1983. Die Nederduitse Gereformeerde Kerk en die Gereformeerde Kerke in Nederland: Betrekkinge rondom die Suid-Afrikaanse rassevraagstuk. Universiteit van Pretoria: Ongepubliseerde D.D.-proefskrif.

VAN DER WATT, P.B.

1975. *Die Loedolffsaak en die Nederduitse Gereformeerde Kerk 1862-1962*. Kaapstad: Tafelberg.

| *Trefwoorde* | *Key words* |
|---|---|
| Kerkgeskiedenis | Church History |
| Kerkreg | Church Polity |
| NG Kerk in die Vrystaat | DR Church in the Free State |
| Ontstaan | Origin |